

annaemm

kinderstories

Word een van ons 500+ agente by Anna Emm Kinderstories!

Die Anna Emm Waarborg:

Ons stories sal altyd goeie waardes ondersteun, gesonde gesinsverhoudinge bevorder, en “skoon” wees van towery, hekse, drake, monsters en ander bangmaakgoed. Ons stories fokus daarop om kinders se verbeelding te stimuleer, hulle woordeskat en luistervaardighede te verbeter, en hulle selfvertroue te bou.

Sluit aan in 2 maklike stappe!

1. Betaal 'n eenmalige agentefooi van **R350** in ons bankrekening met **jou naam** as verwysing.
2. Voltooi die **agentevorm** en stuur dit saam met **bewys van betaling** na agente@annaemm.co.za.

Sodra ons jou aansluiting ontvang het, sal jy 'n **Welkom-epos** ontvang met alles wat jy nodig het om dadelik te begin met verkope! Ons stuur ook jou **“Starter”pakket**.

Jou **starter pakket** bestaan uit:

- 2 Katalogusse
- Een gratis CD uit ons katalogus ter waarde van R110
- 10 Sample CDs met 2 volledige stories op vir bemarking (1 Afr en 1 Eng)

Hulpmiddele tot jou beskikking:

Die katalogus is beskikbaar om af te laai op ons webblad. Elke 3 maande verskyn 'n nuwe katalogus.

Weekliks ontvang jy 'n **spesiale aanbieding** per epos en whatsapp wat jy vir jou kliente kan aanstuur.

Bestellings

Agente plaas aanlyn bestellings op ons webblad, www.annaemm.co.za. Met registrasie ontvang jy jou “login” detail.

Jou kliënte betaal die volle bedrag van hulle bestelling direk aan jou, en jy plaas jou bestelling by ons en ontvang 'n faktuur vir die verminderde bedrag.

Jy ontvang **30% kommissie** op volprys produkte op alle bestellings wat jy onder jou naam plaas.

Jy ontvang **25% kommissie** op spesiale aanbiedinge wanneer jy bestellings onder jou naam plaas. Spesiale aanbiedinge is slegs deur agente beskikbaar.

Jy ontvang **15% kommissie** (wat ons as 'n krediet hou op jou naam nadat ons jou laat weet) indien jou kliënt direk by ons bestel en aandui dat jy hul agent is. Ons aanvaar nie verantwoordelikheid vir verkope waar jou kliënt nalaat om jou as agent aan te dui nie.

Slegs in spesiale omstandighede kan jy jou bestelling via epos bestel. Stuur 'n epos aan agente@annaemm.co.za. In die geval van 'n spesiale aanbod, moet jy asb ten minste 48

uur voor die afsnytyd van die spesiale aanbod jou bestelling epos om te verseker dat dit verwerk word.

Geen telefoniese bestellings word geneem nie.

Betalings

-Jy is verantwoordelik vir die betalings op alle voorraad wat jy bestel het. Geen voorraad sal ge-"refund" word nadat jy dit reeds in ontvangs geneem het nie, al wil jou kliënte dit nie meer hê nie. Ons aanvaar geen direkte betalings van jou kliente nie.

-Alle agente word genoodsaak om 'n bewys van betaling te stuur vir hulle bestellings. Geen uitsonderings.

-Gebruik die korrekte verwysing. Dit sal jou faktuurnommer wees, of die maklikste is jou naam en agentekode.

-Enige tipe spesiale aanbieding is streng betaalbaar voor die afsnytyd. Indien ons nie jou bewys van betaling voor die afsnytyd ontvang nie, word jou bestelling gekanselleer, en moet jy die produkte teen volprys aankoop. Geen uitsonderings.

-Nadat bewys van betaling ontvang is, word die pakkie eers verwerk nadat gelde in ons rekening reflekteer.

-Indien jy te veel oorbetaal het, hou ons die verskil as 'n krediet op jou naam. Geen terugbetalings word gedoen vir verkeerde betalings nie.

-Geen tjekbetalings nie, en kredietkaartbetalings slegs by hoofkantoor.

Versending

Alle bestellings word aan jou gestuur, en jy is verantwoordelik om dit by jou kliente af te lewer. Jy mag aanvra dat pakkies direk na kliente gestuur word.

In Suid-Afrika gebruik ons slegs **courier aflewering** (huidiglik FedEx).

Daar is 'n vaste courier fooi van R95 per pakkie wat versend word.

Jou bestelling word verwerk nadat jou gelde reflekteer.

Let op die nota op elke faktuur wat jy ontvang: **"Please allow for 3 working days for orders to be prepared for shipping."**

Courier aflewering vind plaas tussen **48 en 72 uur** nadat ons dit versend het.

Jy het ook die opsie om jou bestellings te laat terughou om bv. een maal per maand alles saam te laat courier.

Jy kan saam met ander agente in jou omgewing besluit om julle pakkies saam te laat courier, maar aangesien so 'n pakkie meer gekompliseerd raak, sal die bogenoemde tydperk van 2-3 dae vir verwerking van jou bestelling **heeltemal verval**, en *Anna Emm Uitgewers neem dan nie verantwoordelikheid vir die tydperk wat die pakkie neem om verwerk en afgelewer te word nie.*

Kaapstad agente, ons laat weet jou wanneer jou pakkie reg is om opgetel te word (indien jy daardie afleweringsofsie kies). Indien jy nog nie daardie kennisgewing ontvang het nie, is jou pakkie nog nie gereed nie.

Beskadigde produkte

-Alhoewel ons alle produkte toets voordat ons dit verskeep, gebeur dit soms dat produkte beskadig of foutief is. Hierdie produkte word gratis omgeruil indien dit binne 14 dae nadat jy as agent dit ontvang het aangemeld het. Geen produkte sal omgeruil word na hierdie tydperk nie.

-Ons betaal geen bestellings se geld terug aan agente / kliënte nie.

-Geen CDs of DVDs sal omgeruil word as dit gekrap is nie, aangesien dit deel van ons kwaliteitskontrole is.

****Ons beveel agente en kliente aan om vir hulself 'n kopie van die CD op 'n rekenaar te maak, aangesien CDs wel tog krap, veral wanneer kinders dit hanteer.****

Reg tot agentskap

-Indien jy vir 'n tydperk van 6 maande geen bestellings by ons geplaas het nie, sal jou agentskap gestaak word en indien jy weer wil aktiveer, is daar 'n R100 fooi.

-Indien jy self jou agentskap kanselleer, sal jy geen "refund" ontvang op jou aanvanklike aansluitingsfooi nie.

-Indien 'n probleem by hoofkantoor gerapporteer word t.o.v. die diens wat jy as agent lewer, sal ons met jou opvolg en terugvoer binne 10 dae verwag. In die geval waar ons nie terugvoer ontvang binne hierdie tydperk nie, word jou agentskap gestaak.

-Alle agente wat Anna Emm produkte verkoop, doen dit in hulle persoonlike hoedanigheid en op eie risiko, en is nie in die maatskappy se diens nie.

-Daar is geen beperking op die hoeveelheid agente in 'n spesifieke area nie, en enigeen is welkom om as agent te registreer. In areas waar daar heelwat agente is, verkoop al die betrokke agente beter aangesien die produkte en handelsmerk daar meer blootstelling kry. Ons vind dat kliënte geneig is om lojaal te wees teenoor die agente wat hulle eerste genader het en goeie diens lewer.

-Alhoewel agente nie in ons diens is nie, behou Anna Emm die reg voor om enige agent se agentskap te staak met onmiddellike effek indien ons voel dat die persoon ons maatskappy se beeld na buite skade doen. As deel van ons beleid ondersteun Anna Emm samewerking en ondersteuning onder agente, en keur ons enige vorm van afknouery en haatspraak van ons personeel, ander agente of kliënte ten sterkste af.

Kontakdetail en bankbesonderhede

Epos: agente@annaemm.co.za

Kantoor nommer: 021 930 0908

Kantoorure: Maandae tot Vrydae 08h00 – 16h00

Bankbesonderhede:

Anna Emm

FNB Tjekrekening 6226 4659 768

Takkode 200410

****BUITELANDSE AGENTSKAP EN BESTELLINGS****

Anna Emm Kinderstories is nie geregistreer vir uitvoere nie, en het dus nie die regte om na die buiteland te verskeep nie. Dit sluit die Afrika-lande ook in (bv Namibië, Botswana ens.)